

23 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 13:1-16
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 13:1, 14-16

Verkondig spesifiek die groot mag van God, die Verlosser

Die Here bepaal dat kinders se geloofsvrae deur ouers ingespan moet word om sy groot mag uit te wys. In die tyd van ou Israel het die Here self voorgeskryf dat bepaalde godsdienstegebruike (seremonies en heenwysings van die wet (vgl. NGB, art. 25)) gereeld onderhou moes word. Rondom die groot saak van Israel se bevryding en uittog uit Egipte was daar veral die volgende voorskrifte:

- Vir elke gesin moes 'n paaslam geslag en volgens aanwysings voorberei word. Dit moes ook geëet word volgens voorskrif.
- Sewe dae lank moes hulle ongesuurde brood eet.
- Elke manlike eersteling moes aan die Here gewy word, asook elke manlike eersteling van hul vee.
- Al die eersgebore seuns moes losgekoop word – 'n dier in ruil vir elkeen.

Laasgenoemde twee veral, moes aanhou vertel dat die Here al die eerstelinge van die Egiptenaars laat sterf het, mens en dier. Die in-die-nag-van-die-dood-gespaarde eerstelinge van Israel se seuns en diere, behoort nou aan hul Verlosser-Here. Sy sterk hand, sy groot mag het die verbondsvolk, in weerwil van Farao se hardkoppigheid, uit Egipte bevry.

Wat sal kinders geloofsvrae laat vra, nou dat die seremonies en heenwysings van die wet met die koms van Christus opgehou het? Gereelde huisgodsdienste, gereelde erediensmeelewing en u as ouers se nougesette aandag by u kinders se katkisasie. Verder moet u vurig bid om die Heilige Gees. U moet die boodskap van die doop aan hulle verduidelik. Met nagmaal moet u aan hulle van ons Paaslam, Jesus Christus, se verlossingsbloed vertel. U moet 'n opregte geloofsvoorbeeld stel.

Ds Jan Carel Erasmus (Zeerust)